



UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH GEMEENSKAPSINTERAKSIE BELEID

1 Aanhef

In die “Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarna”, aanvaar die Universiteit Stellenbosch ‘n drieledige siening van die taak van ‘n universiteit:

- a. Die skep van kennis (navorsing)
- b. Die oordra van kennis (onderrig)
- c. Die toepassing van kennis (gemeenskapsinteraksie)

Die Gemeenskapsinteraksiebeleid onderskryf die Universiteit se verbintenis tot, en verhouding met die gemeenskappe waarin dit gevestig is. Die beleid ondersteun die Universiteit se erkenning van sy “bydrae tot die ongeregtighede van die verlede” en die verbintenis “tot gepaste regstellings- en ontwikkelingsinisiatiewe.”

Ter ondersteuning van die Universiteit se missie word dit ten doel gestel dat die Universiteit binne sy gekose fokusareas die behoeftes van gemeenskappe op die plaaslike, streeks- en nasionale vlak aanspreek. Dit is die Universiteit se strewe om so te funksioneer dat dit as ‘n bate vir die samelewing gereken sal word.

Die Universiteit poog om ‘n leidende rol te speel in dienslewering aan gemeenskappe en die ontsluiting van nuwe geleenthede vir lede van hierdie gemeenskappe om hul posisie in die Suid-Afrikaanse bestel te verbeter.

Die Universiteit verbind homself dus tot die transformasieproses in die hoër onderwyssektor in Suid-Afrika en aanvaar die uitdaging wat aan hoër onderwysinrigtings gestel word om ‘n groter bydrae tot die aanspreek van ontwikkelingsbehoefte van die samelewing te lewer.

2 Model vir Gemeenskapsinteraksie

Die gemeenskapsinteraksiemodel wat vir die Universiteit Stellenbosch aanvaar is, berus op twee breë fokusareas:

- 2.1 Gemeenskapsvennootskappe** (tussen die Universiteit en gemeenskapsinstellings) wat relevant is vir plaaslike, streeks- en nasionale prioriteite, sowel as die fokusareas van die Universiteit om ooreengekome gemeenskaplike doelwitte te bereik.
- 2.2 Samelewingsverantwoordings** deur kennisverbreding (leer) en kennisontdekking (navorsing) te integreer met gemeenskapsrealiteite

(toepassing) wat kulmineer in 'n sistemiese benadering tot die implementering van die kernfunksies van die Universiteit.

3 Doel van Beleid

Die Universiteit Stellenbosch se interaksie met die breër samelewing word deur middel van 'n wye spektrum van aktiwiteite uitgeleef. Die fokus van al hierdie aktiwiteite word egter koherent belyn deur die gemeenskapsinteraksiebeleid en -strategie wat ter ondersteuning van die Universiteit se Strategiese Raamwerk sowel as die nasionale onderwysbeleid ontwikkel is.

Die doel van hierdie beleid is om:

- 3.1 Alle vorme van die Universiteit se interaksie met die gemeenskap te struktureer, te versterk en as 'n geordende, gekoördineerde kernproses naas onderrig en navorsing binne die inrigting te bestuur;
- 3.2 Burgerlike verantwoordelikheid by studente te bevorder deur blootstelling aan samelewingsrealiteite ter voorbereiding van hul deelname aan 'n demokratiese samelewing;
- 3.3 Leiding te gee aan implementeerders van gemeenskapsprogramme ter ondersteuning van die uitbou van sinvolle vennootskappe met individue, gemeenskappe en instellings.

4 Definisies en Begrippe

Die mees algemene term wat gebruik word om die kernaktiwiteite wat verband hou met 'n universiteit se betrokkenheid by die gemeenskap te beskryf, is "gemeenskapsdiens." Gemeenskapsdiens verwys generies na "geordende en beplande aktiwiteite wat deel is van hoër onderwys tot voordeel van 'n bepaalde gemeenskap".

Die Universiteit Stellenbosch gee egter voorkeur aan die term "**gemeenskapsinteraksie**" wat in die breedste sin interaksie tussen Universiteit en gemeenskappe in die samelewing beskryf. Dit omsluit die nouer konsep van diensleer, maar laat terselfdertyd ruimte vir ander diensgerigte akademies- sowel as nie-akademiesgebaseerde gemeenskapsinteraksie. Dit laat ook ruimte vir die Universiteit se uitlewing van ander vorme van gemeenskapsverantwoording.

Die begrip "**gemeenskap**" dui op die spesifieke groepering (nouer segment) binne die samelewing waarmee daar op enige gegewe moment interaksie is.

5 Basiese Beleidsuitgangspunte

- 5.1. Die Universiteit aanvaar 'n nuwe paradigma vir gemeenskapsinteraksie met groter integrering van onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie wat kulmineer in 'n multi-dissiplinêre benadering. Deurlopende herstrukturering van akademiese programme om gemeenskapsinteraksie sowel as gemeenskapgebaseerde navorsing in te sluit, word derhalwe aangemoedig en versterk.

- 5.2. In lyn met die vier hoofdoelwitte van hoër onderwys,¹ word die oordra van kennis aan, en leerervaring van studente as die belangrikste kliënte van die Universiteit, voorop gestel. Gemeenskapsinteraksie wil derhalwe in sinergie met onderrig en navorsing ook waarde toevoeg tot die ontwikkeling van kritiese denke by studente met die oog op voorbereiding vir hulle aktiewe deelname as landsburgers in 'n toekomstige beroepsituasie binne die Suid-Afrikaanse samelewing.
- 5.3. Die Universiteit ondersteun die insluiting van gemeenskapsinteraksie in die prestasie-evaluering van personeel en die instel van insentiewe vir personeel wat aktief meewerk om die Universiteit se rolspeling in die gemeenskap te versterk ter ondersteuning van die gemeenskapsinteraksiebeleid en –strategie.
- 5.4. Die Universiteit onderskryf die kriteria, voorskrifte en bepalings van die Hoër Onderwyskwaliteitskomitee wat vir gemeenskapsinteraksie by hoër onderwysinrigtings gestel word. Hierdie beleid ondersteun die insluiting van gemeenskapsinteraksie in die gehalte evaluering van departemente soos vervat in die Protokol, Departementele Evaluering (2004-2009 siklus).(Kyk ook par. 7.)
- 5.5. Die Universiteit erken steeds vrywillige dienslewering van personeel en studente aan gemeenskappe deur inisiatiewe van departemente en afdelings. Sodanige aktiwiteite se voortsetting en outonomie word ondersteun, maar is onderworpe aan die geordende raamwerk wat hierdie beleid stel.
- 5.6. Die etiese kode vir Gemeenskapsinteraksie word gerugsteun deur die etiese waardes van elke beroep van die deelnemers aan die interaksie. In die lig van die waardestelsel van die Universiteit, word 'n gedragskode vir gemeenskapsaktiwiteite as deel van die gemeenskapsinteraksieplan onderskryf.²
- 5.7. 'n Databasis waarin alle gemeenskapsinteraksie-aktiwiteite eenvormig gedokumenteer word, word onderhou en vir bestuurs-, moniterings- en koördineringsdoeleindes bygewerk. Alle gemeenskapsinteraksieprojekte word by die sentrale projekbestuurstelsel geregistreer, ongeag of dit deel is van 'n akademiese program al dan nie. Onderrig en/of navorsingsprojekte wat met gemeenskapsinteraksie oorvleuel, word net as een projek geregistreer, maar dui die gemeenskapsinteraksiekomponent aan.
- 5.8. Alle gemeenskapsinteraksieprojekte of -programme, ongeag of dit uit interne of eksterne bronne befonds word, word in lyn met die finansiële beleid van die Universiteit bedryf. Daar word aanvaar dat, vir die doeleindes van die implementering van hierdie beleid, gemeenskapsinteraksieprojekte as 'n reël nie op 'n kosteverhalingsbasis bedryf word nie. Gemeenskapsinteraksies wat

¹ Kyk hoofstuk 1, punt 1.3 van verwysingsbron 1.

² Hierdie etiese kode sal 'n aparte dokument wees wat as deel van die totale gemeenskapsinteraksieplan ontwikkel word.

winsgewend bedryf word, sal in samewerking met die Bestuurder: Innovasie gekoördineer word.

6 Bestuur en Funksies

6.1 Verantwoordelikhedsentrum en skakeling met bestuur

Gemeenskapsinteraksie ressorteer onder die verantwoordelikhedsentrum van die Viserektor (Bedryf). Dit verseker direkte toegang na die Rektor en verteenwoordiging op die Bestuur, die Senaat en die Raad. Dit verseker ook noue samewerking tussen die kernfunksies onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie.

6.2 Afdeling Gemeenskapsinteraksie

Die Afdeling Gemeenskapsinteraksie funksioneer direk onder die Viserektor (Bedryf) wat die institusionele verantwoordelikheid vir gemeenskapsinteraksie aanvaar. Die afdeling implementeer nie self gemeenskapsprojekte nie, maar funksioneer as die sentrale kern van die Universiteit se gemeenskapsinteraksiefunksie met 'n ondersteunende, koördinerings-, fasiliterings- en bemagtigende rol.

6.3 Gemeenskapsinteraksiekomitee

'n Gemeenskapsinteraksiekomitee (soortgelyk aan die Akademiese Beplanningskomitee en Navorsingskomitee) word saamgestel uit fakulteite, studente en ander kundiges. Die komitee is 'n instrument vir deelname en bied 'n forum vir inspraak deur alle afdelings binne die Universiteit. Dit dien as sanksionerende en koördinerende liggaam vir die gemeenskapsinteraksiestrategie en neem verantwoordelikheid vir beleidsuitvoering, gehalteversekering en bronnetoedeling waar van toepassing. Dit neem ook verantwoordelikheid om aan gemeenskappe in die samelewing die geleentheid te skep om inspraak te lewer ten opsigte van die interaksie tussen Universiteit en die gemeenskappe wat dit dien. Die inspraak beteken nie verteenwoordiging op die komitee nie. Die Afdeling Gemeenskapsinteraksie voorsien die administratiewe ondersteuning en kundigheid vir die funksionering van die komitee.

6.4 Fakulteitstruktuur

Fakulteite en ondersteuningsdiensafdelings maak voorsiening vir die operasionalisering van gemeenskapsinteraksie binne hulle eie bestuursraamwerke wat geïntegreerd met onderrig en navorsing kan geskied. Fakulteite en afdelings aanvaar die verantwoordelikheid om hierdie funksie binne die raamwerk van die gemeenskapsinteraksie-beleid van die Universiteit te beheer en te bestuur. Die omgewings verseker self dat interaksie met die gemeenskap volgens die neergelegde etiese kode geskied en dat die belange van die gemeenskap gedien word. Die inisiëring van nuwe projekte of programme word deur die fakulteit/afdeling goedgekeur voor dit aan die Gemeenskapsinteraksiekomitee voorgelê en geregistreer word. Verteenwoordigers vir die fakulteit/afdeling op die komitee word ook hier benoem.

7 Monitoring en Evaluering van Gemeenskapsinteraksie

- 7.1. Alle gemeenskapsprojekte en -programme onder die vaandel van die Universiteit is onderworpe aan monitering en evaluering voor en na registrasie van die projek/program. Selfevaluasie op fakulteits-/afdelingsvlak vorm die belangrikste komponent van die evaluasieproses wat berus op gemeenskapsinteraksiekriteria wat self deur departemente ontwikkel word as deel van gehalteversekering protokol.
- 7.2. Verslae oor vordering en uitkomste van die projek/program en finansiële bestuur moet jaarliks volgens die voorgeskrewe formaat³ ingedien word. Die geregistreeerde projek-/programleier aanvaar die verantwoordelikheid vir hierdie verslae.
- 7.3. Evaluering van projekte/programme sal volgens die voorskrifte van die Hoër Onderwys Kwaliteitskomitee gedoen word. Die integrering van gemeenskapsinteraksie by onderrig en navorsing en interdisiplinêre samewerking tussen fakulteite/afdelings, ook t.o.v. die evalueringsproses, sal aangemoedig en versterk word.
- 7.4. Die keuse van projekte/programme sal beoordeel word volgens nasionale prioriteite en in ooreenstemming met geïdentifiseerde behoeftes.
- 7.5. Gemeenskappe sal die geleentheid gebied word om die Universiteit se gemeenskapsinteraksie-uitsette te evalueer en die impak daarvan te beoordeel.

8 Finansiering van Gemeenskapsinteraksie

- 8.1. Die Viserektor (Bedryf) in samewerking met die afdeling Finansies is verantwoordelik om die finansieringsbasis van gemeenskapsinteraksie binne die Universiteit op 'n gereelde basis te hersien en te herstruktureer. Fondswerwing vir gemeenskapsinteraksieprojekte word in samewerking met die Stellenbosch Stigting gekoördineer en belyn deur die bepalings van hierdie beleid.
- 8.2. 'n Begroting gebaseer op die jaarlikse doelwitte van die Gemeenskapsinteraksie-afdeling word opgestel en bekostig die uitgawes van die afdeling. Gemeenskapsprojekte word in die reël nie hieruit bekostig nie.
- 8.3. In die geval van vennootskappe met eksterne rolspelers waar die finansiële administrasie nie binne die finansiële stelsel van die Universiteit bedryf word nie, moet die Universiteit duidelik as mede-

³ 'n Formaat vir verslagdoening sal gekoördineer met onderrig en navorsing deur die Gemeenskapsinteraksie-afdeling in samewerking met die GI-Koördineringskomitee ontwikkel word.

eienaar van die program aangedui word. In so 'n geval sal slegs die gehalte van diens geëvalueer word en nie die finansiële bestuur nie.

- 8.4. In die geval van outonome organisasies wat ingebed is in die Universiteit se struktuur, berus die verantwoordelikheid vir finansiële bestuur by die trust of beheerraad daarvoor verantwoordelik, maar steeds in lyn met die finansiële beleid van die Universiteit.

Verwysings

1. Departement van Onderwys. 1997. *A Programme for Higher Education Transformation*. Witskrif no. 3. *Government Gazette*, Volume 386, nommer 18207, Pretoria, Julie 1997.
2. Universiteit Stellenbosch. 2000. *Strategiese Raamwerk vir die Eeuwisseling en Daarna*.
3. Universiteit Stellenbosch. *Protokol, Departementele Evaluering (2004-2009 siklus)* Februarie 2004.